1/2/2/33

CC
TE

Hoër Meisieskool Helpmekaar
Posbus 31477
Braamfontein
2017

TELEFOON (011) 642 4347/8

**FAKSDOKUMENT**

VANAF: FAKSNOMMER: (011) 642 1618

AAN: FAKSNOMMER: 397-2211

DATUM:

TYD:

BOODSKAP AAN: Dr. T. Eloff

BOODSKAP VAN: Rika Odendaal

ONDERWERP: Vredesdag - Hoër Meisieskool Helpmekaar

BOODSKAP:

Geagte Dr Eloff - Hiermee stuur ek die finale inligting oor ons skool se vredespiegel aan u deur. Mev Val Fauquet het u skynbaar reeds daaroor gekontak en ons glo dat dié inligting voldoende is sodat u die nodige reëlings kan tref vir die oorhandiging van die vredesplakate om ± 13h00. Skakel my asb. as daar enige navrae is. Ons is opreg dankbaar vir die moeite wat u vir ons aan daardie kant doen.

0265A/1/VP/clg

AANTAL BLADSYE: 2 VOORBLAD PLUS 1

DIE Hoër Meisieskool Helpmekaar in Johannesburg wil deur middel van 'n spesiaal beskilderde vredesmuur en vredesgeleentheid op 4 en 6 September kinders van alle ouderdomme, rasse en skole betrek by die vredesproses in Suid-Afrika. In aansluiting hierby kondig die TV-kanaal TSS terselfdertyd sy Nasionale Vredesplakkaatwedstryd aan, wat kinders nooi om ook deur middel van hulle verfkwasse en kreatiwiteit vrede te bevorder.

Die projek word ondersteun deur die Nasionale Vredeskomitee as deel van hulle program vir September. Volgens me. Valerie Pretorius, skoolhoof van die Meisieskool, is dit vir die skool 'n prioriteit om verhoudinge tussen mense en gemeenskappe te verbeter.

Sestig laer en hoër skole is uitgenooi om op Saterdag 4 September deel te neem aan die verf van 'n "vredesmuur" van sowat 100 meter by 3 meter op die skoolterrein. Elkeen kan 'n vredestema gebruik van sy eie keuse. Die eindproduk word om 12 uur die middag beoordeel deur 'n paneel bestaande uit die sangeres Jennifer Ferguson, teaterorganiseerder en -bestuurder Mannie Manim, Lopang Mphatsoe en televisie-aanbieder Khabi Moeletsi.

Die daaropvolgende Maandag, 6 September om 09h30, word 'n spesiale vredesgeleentheid by die Hoër Meisieskool Helpmekaar gehou, wat bygewoon sal word deur verteenwoordigers van die genooide skole.

Tydens dié geleentheid ( waar kinders die seremoniemeesters sal wees) is dr. Frederik van Zyl Slabbert die hoofspreker. Die vredesbelofte sal deur 'n verteenwoordiger van die Nasionale Vredeskomitee gelewer word en namens die skole daar geteken word.

'n Hoogtepunt op die program is die mimiek-uitvoering van die St Vincent School for the Deaf op die maat van "From a Distance", wat deur Jennifer Ferguson gesing sal word. 'n Groot aantal dowe kinders is uitgenooi en die oggend se gebeure sal vir hulle toeganklik gemaak word deur 'n gebaretaal interpreteerder. Ferguson en Gloria Noshkumbuzo Bosman sal ook 'n kort program uit die gewilde Suid-Afrikaanse musiekspel "S.A. Love" uitvoer.

Om 12 uur die middag sal sowat 60 kinders vredesplakkate wat deur die verskillende skole se leerlinge gemaak en saamgebring is per bus na die World Trade Centre neem om dit daar aan die afgevaardigdes te oorhandig. Ons nuwe Mej. Suid-Afrika, Jacqui Mofokeng, wat een van die eregaste is, sal die kinders vergesel.

Navrae oor die Hoër Meisieskool Helpmekaar se vredesprojek kan aan Rika Odendaal gerig word by (011) 642-4347 (w) of (011) 763-1882(h)